**Die Here maak alles gereed vir Sy verlossing (OP162)**

**Eks 2:1-25**

**28 Januarie 2024**

Laasweek het ons na Eks 1 gekyk. Ons het gesien die volk was in Egipte juis omdat die Here hulle daarheen gestuur het. Maar die situasie van die volk was ellendig: Hulle is almal in slawerny gebore, hulle was vasgevang onder die Farao, die Egiptiese volk en die afgode van die land. Hulle het self in afgodery en owerspel verval – en gevolglik was die verdukking wat hulle beleef het, verdiend. Hulle situasie was ellendig, want daar was eenvoudig nie ‘n manier waarop hulle hulleself kon bevry nie. Trouens, hulle was op die punt om die volle oordeel van die Here te ontvang. Hierdie situasie van die volk is ‘n prentjie van die situasie van die gelowiges: Gelowiges word netso gebore in die slawerny van sonde, hulle is vasgevang onder die beheer van die duiwel, die wêreld, en hulle eie sonde. Hulle kan hulle eenvoudig nie self red nie, en boonop verdien hulle God se oordeel. Die groot genade wat ons egter moet raaksien, is dat gelowiges, soos die volk Israel, uitverkies is deur die Here. Dit bring hoop op verlossing – immers het die Here in Genesis al belowe dat Hy die volk sou terugbring na die beloofde land.

Vandag wil ek Eks 2 oordink. As jy na die hoofstuk kyk, sien jy dat die grootste gedeelte van die hoofstuk fokus op Moses, dit is net in verse 23-35 dat die fokus weer op die volk val. Ons weet natuurlik dat Moses ‘n baie prominente rol gespeel het in die Here se verlossing van die volk. Ons sien dus in Eks 2 dat die fokus begin skuif na die verlossing. Weliswaar leer ons nog nie van die verlossing self nie, maar ons leer baie van die voorbereidingswerk wat die Here gedoen het vir die verlossing wat later beskryf gaan word. Ek wil die hoofstuk bespreek deur eers weer na die geskiedkundige gebeure te kyk, en daarna wil ek besin oor die betekenis hiervan.

Die geskiedkundige gebeure in Eks 2 kan opgebreek word in 4 dele: (1) Moses se geboorte (v1-9), (2) Moses in Farao se huis (v10-14), (3) Moses vlug na Midian (v15-22), en (4) Die volk roep na God (v23-25).

<u>Moses se geboorte (Eks 2:1-9)</u>

In vers 1 lees ons van Moses se ouers. Ons lees Moses se pa was ‘n man uit die familie van Levi, en sy mas was ‘n dogter van Levi. Ons leer meer van hulle in Eks 6:15-19. Uit hierdie verse leer ons dat Levi drie seuns gehad het: Gerson, Kehat en Merari (v15). Kehat het onder andere vir Amram as seun gehad (v17), en Amram was die pa van Moses en Aäron (v19). Boonop lees ons dat Amram getrou het met Jogebed, wat Amram se vader, Kehat, se suster was (v19). Moses se ouers, Amram en Jogebed, was dus beide afstammelinge van Levi. Dit blyk uit Eks 6 dat Amram die tweede geslag na Levi was, terwyl Jogebed die eerste geslag na Levi was. Nou, weereens (soos wat ons al in Genesis gesien het) moet ons versigtig wees as ons die geslagsregisters interpreteer. Kyk na die volgende: Ons weet Kehat is al voor die trek na Egipte in die beloofde land gebore (Gen 46:11). Ons weet ook die volk was 430 jaar in Egipte (Eks 12:40) en ook dat Moses 80 jaar oud was toe hulle uit Egipte getrek het (Eks 7:7). Dit sou beteken dat Moses ten minste 350 jaar na sy pa Kehat gebore is – dit is heelwaarskynlik nie waar nie. Ons moet dus verstaan dat as Amram beskryf word as Kehat se seun, beteken dit heelwaarskynlik net dat hy uit Kehat se nageslag gebore is. En iets soortgelyks geld waarskynlik vir Jogebed. Hoe dit ookal sy: Amram en Jogebed was beide uit die nageslag van Levi.

Eks 2:2 vertel dat Jogebed swanger geword het en aan ‘n seun geboorte gegee het – die seun is natuurlik Moses. Moses was egter nie Amram en Jogebed se oudste kind nie. Aäron was Moses se ouer broer – hy was 3 jaar ouer as Moses (Eks 7:7), en hulle suster Miriam was nog ouer – in Eks 2 is

sy al ‘n jong meisie. Ons lees Jogebed het gesien Moses was mooi. Heb 11:23 sê dieselfde. Maar Hand 7:20 sê bietjie meer hieroor – hier lees ons hy was uitsonderlik mooi in God se oë. Ons moet hieruit aflei dat die Here ‘n spesifieke doel met Moses gehad het, en dit lyk of sy ouers alreeds iets daarvan begryp het.

Onthou dat die opdrag van die Farao was dat die pasgebore seuntjies van die volk in die Nyl verdink moes word. Volgens vers 3, het Jogebed Moses toe in ‘n papirusmandjie gesit wat sy met pik en teer dig gemaak het, en het hom toe tussen die riete van die Nylrivier gesit. Heb 11:23 sê hierdie was ‘n geloofsdaad van Moses se ouers. In ‘n sekere sin was Jogebed gehoorsaam aan die opdrag van die Farao – sy het haar seuntjie in die Nyl gesit, maar sy het in geloof vertrou dat die Here vir hom sal sorg. Verskeie kommentatore sê dat die Hebreeuse woord wat vir die mandjie gebruik word, dieselfde woord is as waarmee Noag se ark beskryf is. Weereens begin ons iets sien, dat soos wat die Here deur Noag in die ark verlossing bewerk het, so wil die Here deur Moses in die mandjie ook verlossing bewerk.

Vers 4 sê Miriam het op ‘n afstand gestaan om te sien wat gaan gebeur. Verse 5-6 beskryf vir ons dat dit juis die dogter van die farao was wat die mandjie ontdek het. Wat verstommend is, is dat toe sy die mandjie oopmaak en die huilende babaseuntjie sien, het sy hom jammer gekry. Dit is veral verstommend dat sy hom jammer gekry het, siende dat sy self gesê het dit moet een van die seuntjies van die Hebreërs wees. Haar gesindheid en optrede is so anders as die van haar pa wat juis die seuntjies wou doodmaak.

In verse 7-9 bied Miriam aan om ‘n pleegma te gaan vind wat die seuntjie namens die dogter van die farao kan versorg – waartoe die farao se dogter instem. Miriam het toe vir Jogebed gaan roep, en die gevolg was dat Jogebed haar eie kind versorg het, terwyl sy deur die farao se dogter daarvoor betaal is. Motyer maak die volgende opmerking: Hy sê die farao se doel was om die seuntjies dood te maak, maar die dogtertjies kon bly lewe. Sy plan is egter telkens deur vroue in die wiele gery: eers was dit die vroedvroue Sifra en Pua, en hier is dit Jogebed en Miriam en selfs sy eie dogter. Duidelik is die Here aan die werk teen die farao – die ironie is die farao weet dit nie eers nie.

<u>Moses in farao se huis (Eks 2:10-14)</u>

Toe Moses groter geword het, het Jogebed hom na die farao se dogter gebring en hy het haar seun geword (v10). Die farao se dogter het aan hom sy naam gegee – Moses. In Hebreeus klink “Moses” soos “uit die water gehaal”. Barret spekuleer of hier ook ironie in is – dat die naam wat die farao se dogter gee, meer beteken as net dat sy hom uit die water gehaal het – dat dit selfs ook kan sinspeel dat Moses die instrument sou word waardeur die Here Sy volk uit Egipte gaan haal.

Ons kan sekerlik aanneem dat Moses se ouers hom geleer het van sy volk se geskiedenis: waar hulle vandaan kom, en ook van die beloftes van die Here aan hulle. Boonop lees ons in Hand 7:22 dat Moses gedurende sy periode in die huis van die farao opgelei is in al die wysheid van die Egiptenare. Ons lees ook dat Moses vaardig was in woord en daad. Ons sien weer dat die Here besig was om Moses voor te berei vir ‘n groot taak. Hy leer die geskiedenis van sy eie volk, hy leer die wysheid van die Egiptenare, en hy is vaardig in woord en daad. Die Here is aan die werk.

In verse 11-12 lees ons van die tyd toe Moses al groot was – Hand 7:23 help ons om te verstaan dat dit was toe Moses veertig jaar oud was. Vers 11 sê Moses het uitgegaan na sy volksgenote en hy het hulle dwangarbeid gesien. Hand 7:23 sê die begeerte het in Moses se hart opgekom om sy broers, die kinders van Israel, op te soek. Moses sien homself as deel van die volk. Toe hy by die Israeliete kom, sien hy hoe ‘n Egiptiese man ‘n Hebreeuse man slaan. Vers 12 sê Moses het rondgekyk, en toe hy seker is niemand sien hom nie, het hy die Egiptenaar doodgeslaan. Aan die een kant sien ons dat

Moses 'n sin gehad het vir wat reg en wat verkeerd is – en die optrede van die Egiptenaar was verkeerd. Maar aan die ander kant is die optrede van Moses om die Egiptenaar net summier dood te slaan, ook verkeerd. En Moses het dit geweet – immers hoekom het hy eers rondgekyk om seker te maak niemand sien hom nie. Hand 7:25 gee vir ons insig in Moses se optrede: Moses het gedink dat sy broers sou begryp dat God vir hulle deur Moses redding sou bring, maar hulle het dit nie begryp nie. Moses het dus alreeds op hierdie punt verstaan dat die Here hom wil gebruik om die volk te verlos. Ons kan dus aflei dat hy daarom gevoel het hy mag maar die Egiptenaar doodslaan – hy is mos die volk se verlosser! En tog is dit duidelik dat Moses se optrede sinneloos was: Hoe sou 'n moord op een Egiptenaar help om die volk te verlos? Dit sou tog eerder die teenoorgestelde effek hê as dit op die lappe sou kom, en dit sou die lot van die volk net nog erger maak.

Volgens verse 13-14 het Moses die volgende dag weer na die volk uitgegaan. Die keer was daar twee Hebreeuse manne wat baklei het. Weer tree Moses toe tot die bakleiery – hierdie keer veroordeel hy die optrede van die persoon wat skuldig was. Maar die reaksie van hierdie man teenoor Moses moes vir Moses soos 'n emmer koue water gewees het - die man vra vir Moses: "Wie het jou as aanvoerder en regter oor ons aangestel?" Aan die een kant moes dit 'n ontnugtering vir Moses gewees het dat die volk hom nie noodwendig sien as die een waardeur hulle verlos gaan word nie. Hy was oortuig dat dit sy rol is, maar die volk nie. Aan die ander kant was dit 'n ontnugtering omdat die man bewus was van die Egiptenaar wat Moses die vorige dag doodgeslaan het. Die moord op die Egiptenaar was dus bekend, en Moses het bang geword.

<u>Moses vlug na Midian (Eks 2:15-22)</u>

Toe die farao gehoor het van die moord op die Egiptenaar, was sy reaksie om Moses te wou doodmaak (v15). Die gevolg was Moses het gevlug – hy het na Midian gevlug. Midian was waarskynlik iewers oos van die golf van Aqaba. Ons lees ook in Gen 25:2 dat Midian een van Abraham se seuns was by Ketura – Moses vlug dus na fisiese afstammelinge van Abraham.

In verse 16-17 lees ons dat Moses in Midian by 'n put gaan sit het. Juis toe kom die sewe dogters van 'n priester van Midian ook daaraan. Dit blyk uit vers 18 dat die priester Reüel was, en in Eks 3:1 word hy Jetro genoem – verskillende name vir dieselfde persoon. Die sewe dogters wou water skep vir hulle pa se kleinvee. Ander veewagters het egter ook opgedaag, en die dogters van die put af weggejaag. Maar Moses het hulle te hulp gekom – ons sien iets van die sagtheid van Moses se hart as hy hom oor hierdie susters ontferm.

In verse 18-20 vertel die dogters vir Reüel wat die dag by die put gebeur het. Hy reageer daarop deur Moses gasvry uit te nooi om in sy huis te kom, en iets daar te eet. Uit verse 21-22 blyk dit egter dat dit veel meer was as om maar net iets te eet. Moses het by Reüel gebly, en met verloop van tyd het hy selfs met Reüel se dogter, Sippora, getrou. Hulle het 'n seun gehad, wat Moses Gersom genoem het. "Want," het hy gesê, "ek het 'n vreemdeling geword in 'n vreemde land".

Hand 7:30 leer ons dat Moses 40 jaar in Midian gebly het, voordat die Here hom daar geroep het. Dit is 'n lang tyd. Wat het Moses die heeltyd gedoen? Ons weet maar min – ons weet net hy is met Sippora getroud en hulle het twee seuns gehad (Hand 7:29), waarvan een Gersom was. Die naam van die seun dui op Moses se worsteling gedurende hierdie 40 jaar – hy is 'n vreemdeling in 'n vreemde land. Die slotsom van Moses se worsteling oor 40 jaar is hy is 'n vreemdeling in 'n vreemde land. Die enigste ander aanduiding van waarmee Moses in Midian besig was, lees ons in Eks 3:1: Moses het Reüel se kleinvee opgepas.

<u>Die volk roep na God (Eks 2:23-25)</u>

In verse 23-25 skuif die fokus terug na die volk in Egipte. Ons lees die koning van Egipte het gesterf gedurende die periode wat Moses in Midian was – dit is die farao wat Moses wou doodmaak. 'n Nuwe farao het nou aan bewind gekom. Miskien het die volk gehoop dat 'n verandering in farao ook 'n verandering vir hulle ellendige situasie sou inhou. Maar dit het nie. Die gevolg was die volk sug – en hulle roep om hulp. Dit blyk hulle roep om hulp na God – en ons lees hulle hulpgeroep het opgestyg na God. En nog meer verblydend: ons lees God het hulle gehoor!

Let op: ons lees in verse 24-25 van vier reaksies by God as die volk tot Hom roep: (1) Hy het hulle hulpgeroep gehoor, (2) Hy het gedink aan Sy verbond met Abraham, Isak en Jakob, (3) Hy het die volk raakgesien, en (4) Hy het kennis geneem. Absoluut verstommend: Die volk roep. En God hoor – dit gaan nie ongemerk by Hom verby nie – Hy hoor hulle. En dan dink Hy – Hy dink juis aan Sy verbond met Abraham, Isak en Jakob, Hy dink dus aan Sy beloftes aan Sy volk. En dan sien Hy hulle – Hy sien hulle as Sy volk, as Sy uitverkore volk aan wie Hy hierdie beloftes gegee het. En dan neem Hy kennis – Hy is met hulle, Hy verstaan hulle nood. Die vraag is wat gaan Hy doen hieromtrent?

<u>Die betekenis van die gebeure in Eks 2</u>

Soos wat ons nou gesien het, het baie dinge gebeur in Eks 2. Dit strek oor 'n periode van 80 jaar – die eerste 40 jaar strek van Moses se geboorte tot hy Midian toe vlug, en die volgende 40 jaar is die tyd wat Moses in Midian was. Eks 2 eindig met die volk wat om hulp roep tot God.

Die vraag is wat is die betekenis van hierdie gebeure in terme van die openbaringsgeskiedenis? Ek glo dit is duidelik dat ons hier 'n beskrywing het van die Here wat dinge gereed maak vir die verlossing wat Hy vir Sy volk gaan bring. Ek wil dit bespreek deur eers te kyk na hoe die Here Moses voorberei vir sy rol in die verlossing wat die Here gaan bring, en daarna wil ek kyk na die groter prentjie van hoe die Here baie meer dinge gereed kry vir Sy verlossing.

- **Die Here berei Moses voor:** Natuurlik is dit die Here self wat Sy volk eventueel gaan verlos – dit sal duidelik word soos wat ons vorder in Eksodus. Maar die Here gebruik mense om die verlossing te bewerk. In die prentjie profesie van die Here se verlossing in Eksodus gebruik die Here 'n verskeidenheid van mense – laasweek het ons al gelet hoe die Here die vroedvroue gebruik het. Maar die Here gebruik een persoon op 'n besondere manier, en hy sou 'n groot rol speel in die verlossing – en dit is Moses. Ja, daar is ook ander mense, soos byvoorbeeld Aäron wat ons later sal leer ken – maar Moses is 'n groot rolspeler. Ons sien dit nog nie nou so duidelik nie, maar ons sal later al hoe duideliker sien dat Moses 'n Ou Testamentiese tipe word van die Here Jesus self. Hy gaan by uitstek 'n tipe word van die profetiese rol van die Here Jesus as die volmaakte Middelaar van die verlossing. Hy gaan ook selfs 'n tipe word van die hoëpriesterlike en koninklike rol van die Here Jesus – alhoewel dit nie do uitstaan soos die profetiese rol nie. Omdat Moses hierdie groot rol gaan speel, is dit nodig dat hy behoorlik voorberei word om hierdie rol te kan vervul. Eks 2 beskryf vir ons heelwat van hierdie voorbereidingswerk.

  Ons sien dit al vanaf Moses se geboorte af. Ons sien hoedat sy ouers gesien het hy was mooi – en Handelinge het ons geleer hy was mooi in die oë van die Here. Dit blyk op hierdie vroeë stadium alreeds dat die Here 'n spesifieke doel met hom het. Ten spyte van die wrede opdragte van die farao, word Moses op 'n wonderbaarlike manier gespaar deur die geloofsdaad van sy ouers wat hom in die mandjie in die Nyl sit. Die Here bewerk wonderbaarlik dat sy lewe gespaar word. Maar meer as dit: Moses word groot deels in sy eie ouerhuis, en grotendeels in die huis van die farao – oor 'n periode van 40 jaar. Hy word blootgestel aan sy eie volk se geskiedenis, maar hy leer ook die Egiptenare ken – hy leer die

volk se vyand ken. Hy leer hulle wysheid, hulle logika, hulle denke. Vergelyk dit met die Here Jesus: Hy ken die duiwel – immers Hy het Hom geskep. Hy ken die sluheid van die duiwel – Hy weet wat in die tuin van Eden gebeur het. Hy het self die logika en denke van die duiwel ervaar toe Hy versoek is in die woestyn. Moses is 'n tipe van die Here Jesus.

Maar Moses het self verstaan dat hy die instrument gaan wees waardeur die Here die volk gaan verlos. Dit word vir ons duidelik as hy na 40 jaar in die farao se paleis, na sy volksgenote gaan, en hy hulle regsaak wil behartig, veral as hy sien hoe 'n Egiptenaar een van die volk slaan. Dan tree hy op ter wille van sy volk. Maar die realiteit is dat die Here hom nog nie formeel geroep het om die volk te verlos nie – dit gebeur eers in Eks 3. Moses is dus voorbarig, en hy tree eiesinnig op, op 'n manier wat nie aan God se verwagtinge voldoen nie. Moses kom hard af grond toe – nie net het die moord rugbaar geword nie, maar sy volk verwerp hom as hulle verlosser. Hierdie was 'n moeilike en harde les wat Moses moes leer in sy voorbereiding om sy rol te vervul – hy moes leer om op die Here te wag.

Dit het hom 40 jaar geneem om die les behoorlik te leer – 40 jaar in Midian, 40 jaar van worsteling. Nie net wil die farao hom doodmaak nie, die volk wil hom ook nie hê as hulle aanvoerder en redder nie. 40 jaar waarin hy leer: "Ek het 'n vreemdeling geword in 'n vreemde land". Sien jy die prentjie van die Here Jesus? Hy is gehaat deur die duiwel – dit kom al van Gen 3 af. Maar ook sy eie volk wou Hom nie as hulle aanvoerder en redder aanvaar nie – Hy was voorwaar ook 'n vreemdeling in 'n vreemde land. Natuurlik is daar 'n verskil tussen Moses en die Here Jesus: Moses se vreemdelingskap was die gevolg van sy eie sonde. Jesus se vreemdelingskap was egter die gevolg van ons sonde.

Moses het ook in Midian geleer om kleinvee op te pas. Later sou Jesus kom, en Hy het gesê: "Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape" (Joh 10:11)

Een van die lesse wat Moses moes leer, was dat hy moes wag tot die Here hom geroep het. Hy moes leer om inpas met die Here op te tree. In Eks 2 verwerp die volk hom as aanvoerder en redder. In Eks 3 sal ons sien dat wanneer die Here wel vir Moses roep om die volk te gaan uitlei, is een van die sake waaroor Moses met die Here worstel, is hoe hy die volk kan oortuig dat hy deur die Here gestuur is. Vergelyk dit met Jesus, wat in Joh 17:6 bid: "Ek het U Naam bekend gemaak aan die mense wat U my uit die wêreld gegee het", soos wat Moses die volk moes gaan leer wie Hom gestuur het, so het Jesus die Naam van die Vader kom bekend maak.

Moses moes leer die Here verlos – hy was bloot in diens van die Here vir die rol wat hy hierin moes speel. Selfs Jesus het gesê dat Hy net die werk gedoen het wat die Vader aan Hom gegee het – in Joh 17:4 bid Hy: "Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te voltooi wat U aan My gegee het om te doen." Jesus was gehoorsaam aan die wil van Sy Vader, soos Moses moes leer om gehoorsaam te wees aan die Here se wil.

- **Die Here maak alles gereed vir Sy verlossing:** Ons moet egter ook raaksien dat die Here baie meer doen as om net Moses voor te berei op die komende verlossing. Wat ons na moet oplet is dat daar ten minste 4 partye is waarmee die Here besig is om te werk, en Hy is besig om elkeen van hierdie partye voor te berei op die komende verlossing:
    - **Moses:** Die eerste party is natuurlik Moses – soos wat ons sopas gesien het. Oor 'n periode van 80 jaar het die Here Moses voorberei om sy rol te vervul in die verlossing van die volk.

- **Farao:** ‘n Tweede party is die farao. Gedurende die periode wat Moses in Midian was, het die farao in Egipte gesterf, en ‘n ander farao het in sy plek koning geword. Wat ons moet raaksien, is dat genadetyd vir die eerste farao uitgeloop het. Hy het volhard om die volk van die Here te verdruk – selfs toe Moses in sy huis gewoon het vir die grootste deel van 40 jaar, was hy onwrikbaar in sy onderdrukking van die volk. Daar was genoeg geleentheid dat hy van Moses kon leer oor die volk en wat die Here se plan met die volk was. Maar hy het nie die geleentheid gebruik nie. En toe Moses Midian toe is, het die geleentheid vir die farao om van die Here en sy werk te leer, ook geëindig. Nou bring die Here ‘n volgende farao aan bewind. Hy gaan ook die geleentheid kry om met die werk van die Here gekonfronteer te word. En al met al, is die sondeskuld van die Egiptenare besig om vol te word.
- **Die volk Israel:** ‘n Derde party waarmee die Here werk, is die volk Israel. Ja, aan die einde van Eks 1 is hulle alreeds in ellende, en gedurende die 80 jaar van Eks 2 duur die ellende voort. Maar teen die einde van Eks 2, bereik die volk die punt waar hulle tot die Here roep om hulp. En soos wat ons gesien het, het die Here hulle hulpgeroep gehoor, Hy het gedink aan Sy verbond, Hy het hulle raakgesien en Hy het van hulle kennis geneem.
- **Amoriete:** ‘n Vierde party wat ons nie moet vergeet nie, is die Amoriete. Onthou die Here het reeds in Gen 15:16 aan Abraham beloof dat hulle na 400 jaar sou terugkeer na die beloofde land. En die rede hoekom dit so lank sou duur, is omdat die sondeskuld van die Amoriete (d.w.s. die inwoners van die beloofde land) nog nie hulle volle maat bereik het nie.

Sien jy die prentjie? Moses word voorberei oor ‘n periode van 80 jaar. Die farao word vervang met ‘n ander farao. Die volk bereik die punt dat hulle tot God roep om hulp. En in die beloofde land is die Amoriete se sondeskuld geleidelik besig om vol te word. Dinge gebeur in Egipte, in Midian en in die beloofde land. Alles gebeur gelyktydig. Alles is op koers: Die verlosser is voorberei en gereed om geroep te word in Midian. Die regte farao is aan bewind in Egipte. In die beloofde land is die sondeskuld van die Amoriete besig om vol te word sodat oor 40 jaar as die volk daar kom, dit volledig vol sal wees. En in Egipte het die volk se ellende hulle gedring om tot God te roep. Al die stukke is reggeskuif vir die verlossing om te kom. Dit is die Here wat dit alles bestuur en beheer.

Kan ek jou herinner aan Heb 9:26b: “Maar nou, by die volheid van die tye, het Hy eens en vir altyd verskyn om met Sy offer die sonde ter syde te stel.” Jesus het gekom in die volheid van die tyd – toe alles gereed was vir Sy koms. Die openbaringsgeskiedenis het sover gevorder dat die Here alles rakende Sy koms geopenbaar het wat Hy geoordeel het ons nodig het om te weet, die situasie in die wêreld was gereed – en toe, in die volheid van die tyd, toe kom Hy. Dit is waarvan die prentjie profesie in Eks 2 getuig. Die nodige voorbereidings is getref, die Here het al die legkaartstukke reggeskuif – die verlossing kan kom.

<u>Implikasies vir ons</u>

Kan ek kortliks twee implikasies vir ons uitlig:

- Moses is deur die Here gebruik om ‘n besondere rol in die openbaringsgeskiedenis te vervul. Netsoos Moses deur die Here gebruik is, netso gebruik die Here vandag steeds mense in Sy koninkryk. Die Nuwe Testament verwys op verskeie plekke na die feit dat gelowiges elkeen toegerus is met gawes wat gebruik moet word tot opbou van Sy koninkryk. Hierdie is ‘n groot, maar ook heerlike, verantwoordelikheid. Ons moet deeglik daarop let dat Moses

moes wag tot die Here hom geroep het, voor hy sy taak kon verrig. Boonop moes hy sy taak verrig in lyn met wat die Here van hom verwag het – hy kon nie maar op sy eie manier probeer om die volk te verlos nie. Dit geld ook vir ons: Ons moet wag tot die Here vir ons die geleentheid gee om diensbaar te wees. Dit mag nodig wees dat ons oor lang periodes eers voorberei moet word, soos Moses. En verder, wanneer ons die diens doen, moet ons dit doen in gehoorsaamheid aan die Here.

- Ons moet bemoedig word deur die gebeure in Eks 2 as ons waarneem hoe die Here gelyktydig met verskeie partye werk om op die ou end te laat gebeur wat Hy beplan het om te gebeur. Ons lewe in 'n komplekse wêreld en daar gebeur baie dinge wat geneig is om ons moedeloos te laat word. Daar is die situasie in ons land – korrupsie, misdaad, werkloosheid en gebrek aan elektrisiteit. Daar is die situasie in die wêreld: oorlog tussen Rusland en Oekraine, oorlog tussen Israel en die Palestyne, vreemde persone wat na vore tree as sogenaamde wêreldleiers. Daar is die situasie in die kerk: op baie plekke is daar oppervlakkigheid ter sprake, of selfs dwaalleer wat verdedig word, daar is afname in getalle. En dit alles laat ons wonder: waar is die Here? Onthou: Moses moes 40 jaar in Midian wag en worstel. Die volk moes 400 jaar in die beloofde land wag en worstel. Maar, toe die Here al die stukke van die legkaart gereed gekry het, het Hy die volk gehoor, gedink aan Sy verbond, hulle gesien en kennis geneem – en toe kom die verlossing. Ons kan verseker wees as ons voor die Here kom met al ons bekommernisse, hoor Hy, dink Hy aan Sy verbond, sien Hy ons, en neem Hy kennis van ons. Ja, ons leef in die laaste dae, waarin Hy ons gewaarsku het dit sal swaar gaan. Maar Hy het ook beloof, Sy Seun sal weer kom – en dan sal die verlossing wat Hy bewerk het, voltooi word vir elke uitverkore kind van die Here. Die Here is soewerein in beheer van alles.